

Brenton Pato skryf:

Die ambulans het my by die huis kom optel. Met aankoms by die George-hospitaal het hulle my onmiddellik in 'n rolstoel gesit, want die pyn was te erg vir my om te loop. Hulle het my lêr getrek en ek het gewag vir hulp. Ek was in soveel pyn dat hulle omtrent 45 minute my lêr voorgesit het, want ek het geraas van pyn. Hulle het toe later opserwasie gedoen en ek het weer gaan wag vir die dokter. Steeds rasend van pyn.

Toe die dokter daar aankom het ek vir hom gesê ek het 'n pyn in my nek. Sy woorde aan my was: "Dit is sagte vleis wat gekneus is, dit sal nou pyn omdat jy nog alkohol in jou lyf het."

Daarna het hy na die hou op my kop gekyk en gesê ek moet saam met hom na die ander kamer gaan waar hy sommer net die wond begin vaswerk het. Hy het geen 'scans' of plate gevat nie. Die oomblik toe hy klaar is, was die speurders daar. Hulle direkte woorde aan my was: "Ons kom haal jou vir 'n statement."

Daardie tyd kon ek so bietjie loop, maar die pyn was steeds onbeskryflik.

Hulle was so haastig met my dat ek nie eers my pille kon kry nie. Een van die sisters het nog gesê hulle kan mos sien ek is nie in 'n toestand vir die selle nie.

Met my aankoms by die Pacaltsdorp-polisiestatie het hulle my juwele en goed afgehaal en my selle toe gevat sonder enige komberse of 'n matras.

In die selle kon ek nie eers stilsit nie so het dit gepyn. Ander selgenote wat daar was het gedink ek is op tik, want ek kon nie stilsit nie. Die pyn in my nek was so erg (nou nog) dat ek nie kon eet nie. Dit het het 'saam' met my asemhaling beweeg.

Die aand was ek oorgeplaas George-polisiestatie toe. Steeds sonder pille.

My pa het daar aangekom en gekla en gesê hulle moet my ma bel om vir my pille te bring. Later het ek dat hulle weer my ma bel vir sterker pille, want die ander het nie gewerk nie. Hulle het later matrasse en komberse gebring. Die toilette was ook alles geblok.

Die volgend dag het ek gevra vir 'n ambulans want ek het niks geslaap nie. Hulle het gesê later. Die middag het my kind se ma my kom besoek en gesien hoe ek lyk en vir die polisie gesê hulle kan mos sien ek is nie reg nie. My gesig het al begin skeeftrek.

Met sy aankoms het die ambulansman my deur die tralies gekyk en gesê ek is reg. My kind se ma het hulle gepleit om my hospitaal toe te vat. By die hospitaal het hulle ekstrale van my kop geneem en daar en dan besluit dat ek Groote Schuur toe moet gaan vir 'n noodoperasie.

As ek Sondag nog in die selle was, was ek ook seker weg vandag.